

# Die Boek van die 'lewe'

## Die Boek van die lewe.

Die traktaat oor die 'Boek van die lewe' is 'n openbaring vir ons as die uitverkore van YHUH. Dit is sekerlik een van die belangrikste openbaringe vir ons in die laaste tyd tot voorbereiding voor die wederkoms.

Ek gaan 'n klompie verse deurgee, kyk of jy die openbaring kan sien soos ons deur hulle gaan. Ek wil eerstens uitwys dat ons in die Skrif met verskillende "boeke" te doen het. Daar staan byvoorbeeld van die 'Boek van die Oorloë', die Boek van die Opregte, die Boek van die konings en so ook ander boeke. As ons die verse lees waar die boekname voorkom in die Skrif dan gee dit vir ons deur dat ons veronderstel is om die boeke te ken en weet wat daarin staan, dus reeds gelees het. Onmiddelik skep dit 'n vraagteken by jou, want daar word geskrywe van die spesifieke boek wat tog moet bestaan. Nou waar is die boek of boeke wat ons veronderstel is om te ken? Wat vir ons deurgegee word is dat die boek baie belangrik is, maar tog onleesbaar weens hulle afwesigheid. Ons weet dat daar geskrewe boeke soos die 'Deutero – Kanonieke boeke' in die vroeëre Skrifte bestaan het en beskrywe was, maar wel uitgehaal is deur slimmetjies.

Kom ons begin met Dawid in *Ps. 69:29 Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.* Hier kry ons 'n dubbele boodskap nl.: Uitgedelg en opgeskrywe. Wat eerstens verstaan moet word is dat daar 'n boek van die lewe is waar almal wat gebore word in die uitverkore geslag van Abraham, Isak en Jakob (Israel) wat reeds in die boek van die lewe verskyn. Nie alle volke op aarde nie, maar die uitverkore volk waar YHUH dit tientalle kere herhaal het. Een volk wat opgebreek is in twaalf (seuns) stamme. Biologiese bloed (eiesoortige D.N.A) waar 'n geslagsboom 'n paarmaal uitgewys word in die Skrif soos in Num.1;2;7; 10;13 en so ook op baie ander plekke. Dus soos ons in die geslagsregister boek van die lewe verskyn 'deur geboorte' kan ons uitgedelg (verwyder, gekrap, uitgevee of uitgewerp) word sodat jou naam nie meer in die boek sal verskyn nie.

*Ex.32:32 Nou dan, as U tog maar hulle ~~sonde~~ oortreding wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!*

*Ex.32:33 Toe het ~~die~~ **HERE** YHUH Moses geantwoord: Wie teen My ~~gesondig~~ oortree het, dié sal Ek uitdelg uit My boek.*

Van watter boek praat Moses hier? Het YHUH dan 'n spesiale boek waar Hy sekere dinge in skryf? Of praat YHUH van dieselfde boek wat Dawid oor gepraat het 'die boek van die lewe'? Dus kom dieselfde boodskap voor in die gelese verse nl.: wie oortree se naam sal verwyder word uit die boek van die lewe.

Ons gaan nou 'n bietjie stilstaan in Openbaring oor die scenario.

*Open.3:5 staan: Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor SY engele.*

YAHUSHA stel dit baie duidelik dat Hy die outoriteit het om name uit te wis, maar tog moet Hy by VADER gaan pleit vir dié wat wel daar verskyn.

Hoekom? Omdat daar nie eens een regverdig gevind sal word in die boek van die lewe om die ewige lewe te kan beërwe nie behalwe deur YAHUSHA se guns en groot liefde nie. Ons is te nietig en swak met baie oortredinge (wetend en onwetend)waarvan ons slegs op YAHUSHA se guns wag tot die ewige lewe.

*Open.13:8 En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.*

Hierdie vers kom satan duidelik na vore en wie aan hom behoort. Almal wat hom gevolg het behalwe dié wat in die boek van die lewe is! Dié wat in die boek van die "Lam" is kan nie aan hom behoort nie. Skokkend is die woorde "al die bewoners", maar daar moet eintlik staan "as many as" m.a.w. "so baie as" of so bykans al die bewoners. Dus kan ons ook sê 'min sal daar wees'!!.

*Open.17:8 Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.*

Soos die vers bo kom die woorde "nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe" dus is dit die ander volke buite die uitverkore kinders van Abraham, Isak en Jakob (Israëliete). Hulle kan nie in die boek verskyn nie, want hulle is nie gebore in daardie biologiese stamboom nie. Tog word hulle uitgewys as getuïenisse en nie as veroordeeldes nie.

Met die volgende verse gee ek die openbaring deur waarvoor ons almal voor wag. Steeds lees ons in Openbaring, maar nou in .20:12 *En ek het die dode, klein en groot, voor Goeë VADER sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. Open.21:27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.*

Voor VADER staan daar almal van klein tot groot wat veroordeel gaan word (*hoe vreeslik moet dit nie wees nie*). Die boeke word geopen. Watter boeke word geopen? Die boeke wat voor VADER staan. Die mense van klein tot groot is elk 'n boek wat nou gelees gaan word. Elkeen van hulle is 'n "DNA" boek. (*Soos die wetenskap en die mediese manne ontdek het dat die mens geneties ontleedbaar is in 'n genoemde Nukleïensure waar die kern van die sel 46 chromosome of 2 pare van 23 bevat en dat die chromosome bestaan uit organiese molekules, genoem DNA en proteïene. Die DNA boek van 'n mens is van so 'n aard dat as jy die data langs mekaar in 'n lang lyn maan toe en terug kan plaas wat dit amper te kort maak*). Daar is niks wat die mens kan wegsteek vir VADER nie(in die "DNA" nie)en dus wat ook al daar in hulle is sal wel te voorskyn kom. In die DNA van die mens is die handtekening van VADER. Ja in die DNA is alle informasie van die lewe. Soos die mens op aarde geleef het kom hy met baie versoekinge en struikelblokke te doen. Ek praat van rook, drink van aalkol, verdowingsmiddels, pille, medisyne, inspuiting, verkeerd eet, geestessteurings, okkulties rituele, ens. Al die genoemde en nog baie ander goed gebruik satan om in daardie DNA poel te kan krap. Sy mees gebruikte is om dit te verbaster!Baie van die boonste kan herstel en vergeef word, maar die onvergeeflike en herstelbare soos: oortreding teen die 'Gees van VADER' 'Verbastering' en 'Verraad' is dit verby.

Jy kan nou vra, maar hoe kan die 'DNA' genees of herstel word soos dit was voordat ons van die boonste oortredinge gedoen het. Dit is eintlik voor die hand liggend. Vra weereens vir enige mediese dokter of daar herstel in die DNA poel kan plaasvind. Hy sal gou vir jou sê 'ja'. Die mens(DNA)is van so 'n aard deur YHUUH aanmekaar gesit dat herstel altyd moontlik sal wees. Daar is 'n addisioneel sel wat op en af beweeg met die DNA lyn om die breuke en seerkry te kan herstel. Nou wie is daardie herstel sel of beheervoerder? Is dit nie YAHUSHA nie?

Nou dat ons weet dat die wat voor die VADER verskyn 'boeke' is wie is dan die ander boek "die Boek van die lewe"? Is dit nie "YAHUSHA" nie!! Ja dit is YAHUSHA! YAHUSHA sê tog duidelik in *Joh.14:20 In dié dag sal julle weet dat Ek in My VADER is, en julle in My, en Ek in julle*. YAHUSHA dra ons as Sy uitverkore in Sy "DNA"!! Daarom het Hy gekom as 'n biologiese "Broer" Hy kon nie kom as enige ander volk op aarde nie, want dan sou die "DNA" nie geklop het nie! In *Mal.2:15* staan: *Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God VADER gesoek...*Sien jy die openbaring? Van VADER deur die Seun YHUUH tot ons as die uitverkore in Abraham, Isak en Jakob! Dus ken VADER, YHUUH SY Seun se DNA en weet dat Hy hulle in Hom beskerm. VADER weet dat die wat voor HOM staan 'tot oordeel' nie aan YAHUSHA behoort nie.

Tot ondersteuning en uitwysing lees ons die volgende verse uit hoofstuk 22:

*Open.22:7 Kyk, Ek kom gou. Salig gered is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek(DNA)bewaar.:11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige reine nog heiliger reiner word.:12 En kyk, Ek kom gou, en My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.*

In Open.20:12 staan dat VADER die oordeel wat voor HOM verskyn, maar in die gelese verse staan dit dat YAHUSHA die oordeelswerk doen. M.a.w. alles en almal gaan deur VADER geoordeel word behalwe wat aan VADER behoort(SY DNA)wat HY aan YAHUSHA gegee het as erfenis. Die uitverkore wat deel het aan YAHUSHA is onderhewig aan YAHUSHA se oordeel en dus kan hulle uitgevee word deur Hom. Hulle wat deur YAHUSHA uitgewerp word gaan voor VADER verskyn tot die tweede oordeel. Kom ek stel dit so nl.: met die aanbreek van die 1000 jaar van vrede op aarde gaan slegs daardie(die eerste opstanding)wat YAHUSHA bewaar het in Sy DNA met Hom regeer. Die wat Hy verwerp het is die wat gaan opstaan in die tweede opstanding wat tot oordeel voor VADER gaan staan.

*Ons gaan aan in Open.22:13 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. :14 Salig Gered is die wat SY gebooi doen, sodat hulle reg kan hê op die boom(Boek)van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.:15 Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.:16 Ek, Jesus, YAHUSHA, het My engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.*

Duidelik wys YAHUSHA dat Hy die DNA by VADER ontvang het. Hy as die eerste voor Adam en so ook die laaste na Adam. Adam weer het 24 x chromosome en een Y chromosoom en so ook YAHUSHA met 24 X en een Y chromosoom. Die Y chromosoom kom altyd van die manlike kant wat beteken in Adam se geval was dit vanaf YAHUSHA en in YAHUSHA se geval was dit die VADER. Ons wat vanaf Adam deur sy biologiese bloedlyn na Abraham, Isak en Jakob gekom het behoort aan VADER se DNA.

*Open.22:17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors(begeerte om te leer)het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.:18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek(YAHUSHA)hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg,(soos bo uitgewys) dan sal Gød VADER oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek(YAHUSHA)geskrywe is.*

*Open.22:19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal ~~God~~ VADER sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die ~~heilige~~ reine stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. ~~Amen~~, Amein, ja kom, ~~Here Jesus~~ Meester YAHUSHA!:21 Die ~~genade~~ guns van onse ~~Here Jesus Christus~~ Meester YAHUSHA dié Gesalfde sy met julle almal! ~~Amen~~ Amein.*

Ns: Tot bevestiging en afsluiting.

Ek staaf wat ek vir jou deurgegee het en gaan slaan gerus die ou Verbond(ou Testament)na oor die 'boek' scenario. Let asb op dat die Boeknaam 'n hoofletter "B" het(*al die boonste boeke het YAHUSHA verteenwoordig en so moes dit gebly het, maar soos ons weet dat die Hebreuse skrifte net in hoofletters was, maar deur die gang van die eeue het die Jood en die Rooms-Katoliek dit verander soos dit hulle gepas het*). Gaan gerus en kyk na Num.21:14 Boek van die Oorloë; Jos.10:13 Boek van die Opregte; 2 Sam.1:18 Boek van die Opregte; 2 Kron.20:34 Boek van die konings; 2 Kron.25:26 Boek van die konings; ens. En sien dat hulle die "Boek" met 'n hoofletter begin.

Nou verbly julle in YAHUSHA, want julle is gebore as VADER se kinders, in VADER se DNA. Daar kan geen geestelike wesens voor VADER verskyn wat VADER se DNA het nie, maar wel net vleeslike wesens wat uit stof en die grond van die aarde was. Hoekom ek so sê is dat alle ander volke en diere van die veld ook DNA besit, maar ieder en elk wel in sy eie genepoel verskil. Wat die geestelike wesens aanbetref soos die gevalle engele(boodskaappers) demone en satan self, hulle is die wat eintlik voor VADER gaan verskyn, maar so ook die wat YAHUSHA verwerp het. Ieder en elk gaan 'n ewigheid liggaam ontvang. 'n Liggaam wat kan voel en dink en doen. 'n Liggaam wat vir ewig gepynig kan word of ewiglik VADER kan dien in liefde en in vrede.

Nou weet ons hoekom YAHUSHA gesê het in:

*Joh.14:2 In die huis van My VADER is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei*

*Joh.6:39 En dit is die wil van die VADER wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. Joh.16:23 En in daardie dag sal julle My niks vra nie.*

*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die VADER sal vra in My Naam, sal Hy julle gee. Joh.17:11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Reine VADER, bewaar in U Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. Joh.17:21 dat almal een mag wees net soos U, VADER, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

Bedink al die dinge